

Groiegroepe – Riglyne: Week van Sondag 18 Oktober 2020

“#Nuuteindig – Gee ons ons daaglikse Woord!”

Dit was 'n voorreg om ten spyte van die vreemde ervaring, ons 3^{de} erediens op die kerkterrein te kon hê. Ons het ook Sondag die Vreugdefees gehad en het lekker saamgekuier so met die Covid-regulasies en al. Ons is nog steeds besig met die reeks “**God se asem tussen die bladsye van die Bybel**”, wat aansluit by die Bybelgenootskap se uitgee van die Nuwe Direkte Vertaling.

1. WELKOM / (GASVRYHEID)

25 min

YSBREKER (10 min se kuier ingesluit)

1. Deel met mekaar hoe julle die afgelope tyd God se teenwoordigheid of werk beleef het in die gemeenskap of land.
2. Hoor hoe dit met elkeen gaan hier teen die einde van 'n moeilike jaar...

2. LOF / DANKSEGGING

10 min

1. Loof en dank Here in kort gebede vir sy teenwoordigheid en werk in julle lewe en die gemeenskap. (Julle kan selfs een-sin-gebede gebruik om almal geleentheid te gee.)

3. WOORD / WORD

35min

1. Deel met mekaar hoe julle tans voel oor erediensbywoning met die Covid-situasie... Die wat erediens al wel bygewoon het, deel hoe julle dit beleef het.
2. Wat het die afgelope week vir jou uit die Woord of uit die gemeenskap hoop gegee? Vertel van geleenthede waar jy iemand kon bemoedig en help met hoop.
3. Luister na die Woord: **Lees Luk 4:1-13** (laat mense dit 'n 2^{de} keer stil lees en daarvoor nadenk) (Skakel na die Direkte Vertaling as julle dit wil gebruik: http://www.bybeldirektevertaling.co.za/images/stories/docs/lukas_1.pdf)
4. Gesels oor die stryd tussen lig en duisternis. Laat die gedeelte julle ook dink aan Mufassa vs Scarr in “Lion King”.
5. Gesels oor die versoekings wat by alle mense voorkom oor die bevrediging van die EGO (ek en myself), die soeke na ROEM (eie eer, mag, sensasie, applous) en die ingesteldheid op eie GERIEF (my gemak, eie voordeel, godsdiens twv myself)?
6. Die duiwel gebruik die Woord om Jesus te versoek, maar Jesus antwoord hom uit die Woord. (v3-4 + v6-8 v9-12). Wat sê dit vir ons van misbruik en regte gebruik van die Woord?
7. Wat is Jesus se bedoeling in sy antwoorde op Satan se versoekings? Kan ek op myself gefokus bly en nog steeds gerig bly op Jesus en die Koninkryk?
8. Wat verstaan julle onder “godsdiens twv myself en my eie gerief”?
9. Bespreek die verskil tussen “Wat verwag ek van God?” en “Wat verwag God van my?”.
10. Dink aan voorbeelde in jou eie lewe waar die Woord jou effektief gehelp het om 'n versoeking te bowe te kom. Deel dit met mekaar.

11. Gee jou opinie van die volgende stelling:

Indien die Pandemie-omstandighede my lei tot geestelike groei en verdieping kan dit een van die beste jare van my lewe wees.

4. WERKE / WORKS

15 min

1. Gesels hoe jy die Woord prakties hanteer in jou eie lewe.
2. Hoe lees jy die Bybel op jou eie en saam met ander om God se stem te kan hoor?

3. Dank die Here:

- Dat ons die Bybel in Afrikaans (ons moedertaal) beskikbaar het.
- Dat God die Bybel gebruik om ons te anker in die lewe.
- Dat God ons toerus deur die Woord en in staat stel om versoekings te weerstaan.

4. Bid vir die volgende.

- Dat ons erns sal maak met die Bybel en dat dit 'n groter rol in ons lewens sal vervul en dat ons dit met ander mense sal deel
- Dat die Bybel by meer mense versprei sal word en vir 'n honger na die Here se Woord by mense.
- Die helder verkondiging van die Woord van God in Lux Mundi.
- Wysheid hoe om die bediening in te rig in die post-Covid-situasie.